

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Die God van heerlijkheid en die geboorte en lewe van die kerk

*Reeks preke oor die openbaring van die God van heerlijkheid,
Christus, in die lewe van Abraham*

Dr AH Bogaards

2012

Preek 7

Lees: Gen.15:6-21; Mt 24:15-29

Teks: Gen.15: 6-21; Mt 24:28,29 (Reeks Abraham 7)

Datum: 3 Junie 2012

Psalms: 107:1,2,3; 9:7; 25:7; 105:5,6; 146:8

1. Inleiding.

Ons hoef nie te wonder waarom dit in Genesis 15:7-21 gaan nie: Dit gaan oor die HERE se oprigting van 'n genadeverbond met Abram. Vers 18 verklaar dit helder en duidelik: ***Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond gesluit.*** En kyk ons na vers 7, sien ons dat dit gaan oor Abram se erfenis: die land wat as erfenis aan hom belowe is deur die HERE. Ons moet die woordjie erf, erfenis, mooi in gedagte hou. Daaroor gaan dit in hierdie gedeelte: Die HERE lê sy belofte van 'n erfenis vas in sy genadeverbond en hierdie genadeverbond het eerder die karakter van 'n testament. In die genadeverbond lê Abraham se erfenis rotsvas.

Hierdie geskiedenis is hoogs aktueel vir ons is. Ons is in dieselfde verbond as Abram. In die heerlike oomblik van ons doop het gebeur wat hier in Genesis 15 gebeur: God het sy ewige genadeverbond met ons opgerig en ons aangeneem as – kinders erfgename. So lui ons doopsformulier.

En nou wil ek u aan die hand van Genesis 15 laat sien hoe heerlijk dit is om gedoop te wees en om in die genadeverbond te mag wees, hoe wonderlik-heerlik hierdie verbond is.

Ons staan stil by die verbond aan die hand van die volgende hoofpunte:

1. Die genadegeskiedenis wat daaraan voorafgaan;
2. die beloofde erfenis vasgelê in die genadeverbond;
3. die belofte deur lyding heen vervul; en
4. dat die genadeverbond vaslê in Christus

2.1. die genadegeskiedenis

Die geskiedenis van die verbondsluiting van Genesis 15 begin met 'n stuk genadegeskiedenis in vers 7. Die HERE sê vir Abram: ***Ek is die HERE wat jou uitgelei het uit Ur van die Chaldeërs om jou hierdie land in besit te gee.***

Dit was gebruiklik in verbondsdokumente in daardie tyd: Sulke dokumente het begin met 'n stukkie geskiedenis. Daarin het die grootkoning vir die kleinkoning sê wat hy in die verlede vir hom was en wat hy vir hom gedoen het.

Die woorde van vers 7 roep die hele geskiedenis van die HERE se genade voor oë. In hierdie hele geskiedenis laat die HERE aan Abram sien wat Hy vir Hom gedoen het: ***Ek is die HERE wat jou uitgelei het ... Daar is geen sprake van wat Abram gedoen het nie, maar net van God se werk.*** Jesaja 29 vers 22 laat nog helderder sien dat ons in Abram se uitleiding uit Ur met genade-geskiedenis te make het, want daar lees ons: Die HERE het Abraham ***verlos***. Letterlik staan daar: ***vrygekoop***. Dit is dieselfde woord wat gebruik word vir Israel se uitleiding uit die slawehuis van Egipte en wat slaan op die vrykoping deur die Paaslam, Christus (Eks 12 en 13). Net soos Israel later is die geheim van Abram se uitleiding net die offer van Christus. Ek vestig u aandag daarop dat hierdie woorde van vers 7 byna dieselfde is as die van Eksodus 20:2, die verbondsluiting by Sinäi: ***Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.*** Daarmee word 'n verband gelê tussen hierdie verbond en die Sinai-verbond.

Die HERE laat Abram ook sien wat die doel van die uitleiding was: ***om jou hierdie land in besit te gee.*** Beter vertaal: ***om hierdie land as erfenis te gee.*** Dit is nog 'n verdere beklemtoning van die genade van God. Immers, vir 'n erfenis werk jy nie, jy ontvang dit sonder dat jy 'n vinger verroer het.

Met hierdie terugblik op die verlossingsgeskiedenis wil die HERE vir Abram iets sê: Hy wil Abram nie net laat sien wat Hy vir hom was nie; die HERE wil Abram óók daarmee leer wat

hy in die toekoms van Hom kan verwag – en ook in die verbondsooprigting van nou. God se genadeverbond is 'n voorsetting van sy genadige handeling met Abram tot hiertoe.

Eintlik moes die genadegeskiedenis vir Abram genoeg gewees het om die belofte te glo. In vers 8 vra Abram egter: ***Here HERE, waaraan sal ek weet dat ek dit as erfenis sal ontvang?*** Is dit nie ongeloof nie? Nee, dit is geloof wat van sy swakheid bewus is. Calvyn skryf hierby so mooi: Goddelose mense glo die belofte glad nie. Vromes daarenteen soek medisyne vir die kwale waarvan hulle bewus is, vir die kwaal van kleingeloof, sodat hulle nie God se Woord in die weg sal staan nie.

Ons is maar nie beter as die vader van die gelowiges nie. Want hoeveel male twyfel ons nie aan God se beloftes nie, en dit ondanks die feit dat die HERE op so 'n onuitspreeklik grootse wyse sy liefde en sy trou aan ons bewys het in die verlossingsgeskiedenis.

Maar kyk nou met hoeveel geduld die HERE ons en Abram te hulp kom. Hy doen dit deur

2.2 sy belofte vas te lê in 'n genadeverbond

As dit vir sy kneg swaar is om sy Woord te glo, snel Hy hom te hulp met 'n verbondsluiting. In vers 9 en 10 antwoord die HERE Abram: ***Neem vir My 'n driejaaroud vers en 'n driejaaroud bokooi en 'n driejaaroud ram en 'n tortelduif en 'n jong duif. En hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gedeel en die helftes teenoor mekaar gelê; maar die voëls het hy nie verdeel nie.***

As kind van sy tyd het Abram presies geweet wat hier aan die gebeur is: Die HERE wil 'n verbond met hom oprig. In so 'n verbond is die ooreenkoms, die wedersydse beloftes, regtens vasgelê, gewaarborg en verseker.

Ek kom nog terug op die hele slagseremonie en die betekenis daarvan. Nou volstaan ek daarmee deur te sê: Die diere wat Abram moes slag, was spesifiek diere wat later in Levitikus voorgeskryf is as offers vir die HERE. In vers 9 sê die HERE Self uitdruklik dat hierdie diere vir Hom bedoel is: ***Neem vir my ...***

Abram vra dus: ***Here HERE, waaraan sal ek weet dat ek dit sal erf?*** En dan antwoord die HERE hom met sy genadeverbond: Hieraan – hieraan kan Abram met alle sekerheid weet dat hy die land sal beërf: hieraan dat die HERE na hom toe kom deur die offer heen, deur bloed heen. In die bloed lê die verbond vas.

Die belofte sal dus sekerlik vervul word, maar Abram moet óók weet:

2.3. die belofte sal deur lyding heen vervul word

Dit kom ter sprake in vers 11 tot 16. In hierdie verse sê die HERE vir Abram: ***Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vier honderd jaar lank.*** Voordat Abram se saad, sy nageslag, die erfenis sal ontvang, sal hulle eers 'n tyd van verdrukking deurgaen. Hul weg na Kanaän sal dus deur die diepte, deur duisternis, gaan. En eers wanneer die ongeregtigheid van die Amoriëte vol is, dit wil sê wanneer die HERE se geduld op is met die toenmalige inwoners van Kanaän, sal sy volk die land beërwe.

Hierdie lydensaankondiging word voorafgegaan deur 'n besondere gebeurtenis direk op die middeldeur deel van die offerdiere, want in vers 11 hoor ons: ***Toe kom daar roofvoëls*** (liewer: aasvoëls) ***op die dooie diere af, maar Abram het hulle weggejaag.***

Die woord aasvoëls word meestal gebruik vir 'n teenstander, 'n vyand. Die offer word bedreig, want ***die aasvoëls kom op die dooie diere af.*** Die offer en dus die verbond kom in die grootste gevaar.

Hierdie gebeurtenis is 'n profesie van die groot verdrukking van Israel in Egipte. Daarmee is nie net Israel, die saad van Abram, bedreig nie. Die verdrukking van Egipte was 'n poging van die duiwel om dié Saad van Abram, Christus – om sy koms te verhoed.

Hierdie gebeurtenis is ook vir ons uitermate aktueel, want in Matteus 24:28 word na Genesis 15 teruggegreep, wanneer Jesus sê: ***Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.***

Kom ons kyk daarom na Matteus 24. Dit gaan oor die groot verdrukking, die vervulling van die verdrukking van Israel in Egipteland. Dit gaan oor die verdrukking van die kerk in die laaste dae. Met die laaste dae word bedoel: die tyd tussen Christus se hemelvaart en wederkoms. Dit gaan dus om 'n verdrukking wat die getroue volk van God nou ervaar.

Daar is besondere ooreenkomste tussen Genesis 15 en Matteus 28 en daarop wil ek u aandag vestig:

1. Dit begin al met die woorde: ***Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.*** In Genesis 15 word die offer vir die HERE, die verbond bedreig – ja, Christus word aangeval. En in Matteus 24 gaan dit eweneens oor Christus wat weg moet, uitgeskakel moet word. Want met die want - ***want oral waar die dooie liggaam***

lê, daar sal die aasvoëls saamkom -, met die want word teruggegryp op die valse christusse van vers 24. Die valse christusse is 'n poging om Christus uit te skakel.

2. Tweedens: Sowel in Genesis 15 as in Matteus 24 word voorts die toneel van die aasvoëls gevolg deur 'n verwysing na die verduistering van die son (Gen 15:12; Mt 24:29).
3. Die derde ooreenkoms is dat in beide Skrifgedeeltes die duisternis gevolg word deur die belofte van verlossing (Gen 15:14; Mt 24:30): *En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.*

Dit veral moet ons raaksien: Alles is gemik op Christus om Hom uit te skakel. Op Hom is die aktiwiteit van die aasvoëls gemik. *Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.* Dit moet ons nie net gaan toepas op mense wat Christus loën nie. Ons moet ook na onself kyk en kyk hoe óns – ja, óók óns –, hoe ook óns nie leef uit die werk van Christus nie, nie soek na Christus nie, sy werk in die weg staan, sy woord verhinder.

In hierdie geskiedenis word geprofeteer wat ons sal ondervind. Want ons pad na die hemelse heerlikheid gaan deur die donker van miskennis, bespottings en vervolging. En as u vra: hoelank sal dit nog duur? - dan antwoord die HERE u hier: Eers wanneer die maat van die sonde van die heidene vol is, dan sal Christus weerkom en sy en sy volk se vyande oordeel. Intussen is die HERE nog lankmoedig met hulle, want Hy wil hulle kans gee om hulle te bekeer.

MAAR ... te midde van die verdrukking moet ons weet dat

2.4. dat die verbond, die erfenis vaslê in Christus

Ek kom terug op die slagseremonie van vers 9 en 10. Verbondsluitings in die Ou Ooste het gepaardgegaan met so 'n slagseremonie: 'n Aantal diere is middeldeur gesny en die helftes is teenoor mekaar geplaas. Tussen die twee heftes het dus 'n pad geloop, 'n straat van bloed. Op daardie pad moes die twee partye in die verbond loop, die Groot- en die Kleinkoning. Daarmee het beide van hulle verklaar: "Ek mag soos hierdie diere in twee gesny word as ek die verbond nie hou nie". Vgl Jeremia 34.

Toe Abram van die HERE die opdrag ontvang het om die diere in twee te sny, het hy dadelik as kind van sy tyd geweet waaroor dit gaan: Die HERE wil 'n verbond met my sluit. Hy was ook terdeë daarvan bewus: die dooie diere spreek van die straf op verbondsbreuk.

Miskien het die vrae ook deur sy kop gemaak: Hoe kan die belofte van die verbond ooit waar word as dit van my afhang? En toegepas op ons: Hoe sal God se verbondsbeloftes aan ons, die belofte van die ewige erfdeel, ooit in vervulling gaan as dit afhang van ons trou aan God se verbondseise.

Maar in hierdie geskiedenis word die wonder, die genade van die verbond aan ons geopenbaar.

- Want by die sluit van ander verbonde was dit so dat beide partye in die verbond tussen die stukke deurgegaan het. Daarmee het altwee dan gesweer: Mag ek in stukke gekap word soos hierdie diere indien ek die verbond verbreek, ja mag die straf van die verbond my tref.
- MAAR kyk nou wat het gebeur in die verbond wat God met Abram gesluit het: Wie het hier tussen die stukke deurgegaan? Was dit Abram én God? Nee, die HERE alleen gaan tussen die stukke deur in die gedaante van 'n rokende oond en 'n vurige fakkel!
- Daarmee sê die HERE: Hy neem dus die volle verantwoordelikheid vir die verbond en die die vervulling van die verbond op sy skouers. Dit sluit dus ook die oordeel oor verbondsbreuk in. Hy sal liever *afgesny* word.

In vers 18 lees ons: Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond gesluit. Maar letterlik staan daar dat Hy *sy verbond gesny het*. Daardie gesny verwys na die sny-, die slagseremonie. En in Jesaja 53 (5,8) lees ons inderdaad hoe die HERE die oordeel op sy Seun laat neerkom het: ... die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom ... en ... wie het daarvoor gedink dat Hy *afgesny* is uit die land van die lewendes? En is dit is presies wat gebeur het op Golgota. In Galasiërs 3:13 skryf Paulus: *Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word*. Hy het die verbondstraf gedra en ons so losgekoop van die vloek. Daar het u weer die woord *losgekoop*! En toegepas op ons!

3. Slot.

Dit is opvallend dat die Griekse vertaling van die Ou Testament (Septuagint) die Hebreeuse woord *verbond* vertaal met 'n woord wat *testament* beteken. Ons hoor dit ook in die woorde Ou Testament en Nuwe Testament. In vers 7 het ons ook gelees dat die HERE Abram uitgelei

het met die doel om die land Kanaän aan hom *as erfenis te gee*. En 'n erfenis gaan nie in vervulling omdat die erfgename iets gedoen het nie, maar omdat die erflater gesterf het. Abram erf, omdat die Seun sterf – sterfpaal-erfpaal. In die dood van die Seun lê die erfdeel vas. Op hierdie beeld van 'n testament kom Paulus ook terug, wanneer hy die Galasiërs wil leer: nie deur die werke van die wet nie, maar deur die geloof alleen.

AMEN